

## HOOFSTUK 5

### INTERPRETASIE EN BESPREKING

#### 5.1 INLEIDING

Fibromialgie is 'n baie komplekse toestand waaroor daar nog baie kontroversie bestaan. In 'n poging om lig te probeer werp op hierdie sindroom, is die persoonlikheidseienskappe en streshanteringsvaardighede van fibromialgie lyers ondersoek. Vyf en dertig volwasse, gediagnoseerde fibromialgie lyers het elk die 16-Persoonlikheidsfaktorvraelys (16PF) en die Ways of Coping vraelys (WCQ) ingevul. Daar is verskeie korrelasies tussen persoonlikheidsfaktore en streshanteringsstrategieë gevind.

In hierdie hoofstuk word 'n opsomming van die bevindings gegee, sowel as tekortkominge van hierdie studie. Daar word ook aanbevelings gegee wat as hulpmiddel kan dien vir verdere studies oor hierdie onderwerp.

#### 5.2 DIE STEEKPROEF

Die steekproef het bestaan uit vyf en dertig volwasse, blanke fibromialgie pasiënte. Soos blyk uit die resultate, was slegs drie van die vyf en dertig respondente manlik. Hierdie verspreiding, wat 'n sterk vroulike predominansie vir vroue met fibromialgie toon, kom ooreen met wat in ander studies bevind is [7].

Die spreiding in terme van ouderdom (18 tot 50+ jaar), het beperkte moontlikhede vir afleidings gebied. Hoewel die bestek van die studie meer gefokus het op kenmerkende persoonlikheidseienskappe en hanteringsvaardighede, moet in ag geneem word dat hierdie eienskappe en vaardighede sal verskil by ouderdomsgroepe, veral ten opsigte van hanteringsvaardighede.

Alhoewel ras nie as 'n uitsluitingskriteria gedien het nie, het daar net blanke pasiënte aan die studie deelgeneem. Dit kan die vraag laat ontstaan na rasseverskille in die siekte en of die siekte meer kenmerkend is van die blanke populasie. Daar kon egter niks hieroor in die literatuur gevind word nie. Dit was ook nie die doel van hierdie studie om rasseverskille aan te spreek nie, daarom sal daar aanvaar word dat die feit dat al die respondente blank was, bloot toevallig was.

### 5.3 GEMIDDELDE WAARDES OP DIE 16PF EERSTE EN TWEDE ORDE FAKTORE

In terme van die 16PF eerste orde faktore word 'n telling van 5 of 6 as gemiddeld geag. Die waardes op faktor A, B, C, E, F, G, H, I, L, M, N, O, Q1 en Q3 het almal binne hierdie gemiddeld geval. Die standaardafwyking van al hierdie skale is hoog wat daarop dui dat daar 'n hoë variasie in die velde was. Soos blyk uit die minimum en maksimum tellings op hierdie skale, toon die response 'n wye verspreidingspatroon. Die lae en hoë tellings op hierdie skale kanselleer mekaar uit, wat 'n gemiddelde waarde lewer en tot 'n leptokurtiese verspreiding lei. Elk van hierdie skale gaan nie afsonderlik bespreek word nie omdat dit in die gemiddeld val en dus nie betekenisvol hoog of betekenisvol laag geag kan word nie.

Die gemiddelde waarde van faktor Q2 (selfgenoegsaamheid) van die 16PF is 6.60, wat bo die gemiddeld val. Die afleiding kan gemaak word dat fibromialgie pasiënte bo gemiddeld meer op hul eie krag en oordeel staatmaak eerder as om op ander se insette te reken. Hulle is moontlik persone wat hul privaatheid en vryheid van keuse hoog ag en eerder hul eie hulpbronne gebruik as om van ander afhanklik te wees.

Dit mag veral waar wees in die premorbiede fase van die persone se funksionering aangesien klinici afhanklikheid as 'n belangrike kenmerk onder fibromialgie pasiënte ag. Verskeie medici het fibromialgie pasiënte al beskryf as "afhanklike, hulp-verwerpende klaers".

Die gemiddelde waarde op faktor Q4 (gespannedheid) was betekenisvol hoog. Dit impliseer dat fibromialgie lyers moontlik gekenmerk kan word as gespanne, gejaagde en gefrustreerde persone. Uit die literatuur word dit aangedui dat angstigheid 'n algemene simptome onder fibromialgie pasiënte is [13;54;62;64].

Daar was geen betekenisvolle gemiddelde waarde vir die totale steekproef ten opsigte van die 16PF tweede orde faktore nie.

#### 5.4 GEMIDDELDE WAARDES OP DIE SKALE VAN DIE WAYS OF COPING (WCQ)

In hierdie studie is bevind dat die hanteringsvaardigheid wat die meeste deur fibromialgie lyers gebruik word, positiewe herwaardering is. Die soek van sosiale ondersteuning is die hanteringsmeganisme wat tweede meeste deur fibromialgie lyers gebruik word. Aangesien fibromialgie lyers 'n bo gemiddelde waarde op faktor Q2 van die 16PF (selfgenoegsaamheid) behaal het, kan die vraag gestel word of die siekte fibromialgie dalk die lyer daarvan forseer om meer kontak met ander te maak en meer op ander staat te maak vir ondersteuning.

Positiewe herwaardering en die soek van sosiale ondersteuning is albei baie positiewe hanteringsmeganismes, maar wanneer dit in oormaat gebruik word kan dit negatiewe implikasies hê.

Wanneer daar te veel van positiewe herwaardering gebruik gemaak word, kan 'n persoon moontlik mettertyd die realiteit van die situasie ontken of vermy om die realiteit in die gesig te staar. Dit impliseer dat die persoon dan nie regtig die probleem oplos of die situasie aanspreek nie, maar deur positief te wees, die realiteit ontduik.

'n Persoon wat te veel van sosiale ondersteuning gebruik maak as sy/haar primêre hanteringsmeganisme, kan mettertyd afhanklik raak van ander se raad en ondersteuning. Dit kan daartoe lei dat die persoon nie maksimaal van sy/haar eie hulpbronne gebruik maak nie.

Doelgerigte probleemoplossing is as die derde belangrikste hanteringsstrategie aangedui. Doelgerigte probleemoplossing is 'n probleem-gefokusde hanteringsstrategie en behels doelbewuste probleem gefokusde pogings om 'n situasie te verander, tesame met 'n analitiese benadering tot die oplossing van die probleem. Wanneer daar te veel van hierdie strategie gebruik gemaak word, kan dit tot gevolg hê dat die persoon slegs fokus op kognitiewe prosesse en sodoende sy/haar emosionele sy van probleemoplossing afskeep.

Uit die resultate is dit duidelik dat daar betekenisvolle verskille tussen die drie ouderdomsgroepe ten opsigte van bogenoemde drie hanteringsstrategieë was.

Die jonger ouderdomsgroep (18-34 jaar) maak heelwat meer van positiewe herwaardering gebruik as die ouer groep (50 jaar+). Daarenteen gebruik die ouer groep die soek van sosiale ondersteuning baie meer as die jonger groep. Doelgerigte probleemoplossing as hanteringsstrategie word ook meer deur die jonger (18-34 jaar) as die ouer groep (50 jaar+) gebruik.

'n Moontlike verklaring hiervoor kan wees dat die jonger groep oor 'n groter interne lokus van kontrole beskik deur eerder op hulself en hul eie hulpbronne staat te maak, terwyl die ouer groep se lokus van kontrole met tyd na meer ekstern verskuif en dat hul dus meer hulp en ondersteuning van buite benodig om hul siekte te kan hanteer.

#### 5.5 INTERKORRELASIES TUSSEN DIE 16PF EERSTE EN TWEDE ORDE FAKTORE EN DIE SKALE VAN DIE WCQ

Hierdie studie het verskeie betekenisvolle korrelasies tussen die 16PF faktore en die skale van die WCQ uitgewys.

Dit blyk dat hoe meer terughoudend en krities (faktor A) respondente was, hoe groter was hul vermoë om hul gevoelens en aksies te reguleer en dus om selfkontrole toe te pas. Emosioneel labiele respondente wat maklik deur hul emosies geaffekteer word (faktor C), is gekenmerk deur pogings om hul probleme te vermy of te ontvlug daarvan, waar respondente wat emosioneel stabiel was (faktor C), van meer positiewe hanteringsstrategieë (soos beplande probleemoplossing en positiewe herwaardering), gebruik gemaak het.

Daar is 'n positiewe korrelasie gevind tussen selfgeldendheid (faktor E) en konfronterende hantering van probleme. 'n Persoon wat dus bereid is om op sy regte te staan sal moontlik aggressiewe pogings aanwend om 'n situasie te verander, wat 'n sekere graad van vyandigheid en risiko-neming veronderstel. Dit sou van waarde wees om vas te stel hoe hierdie aspekte verband hou met die siekteproses tydens fibromialgie asook die prognose.

Sobere en ernstige persone (faktor F) sal moontlik baie van wensdenkery en ander vorms van ontvlugting of vermyding gebruik maak om probleme te hanteer. Net so sal 'n ingetoë, terughoudende persoon (faktor H) ook meer geneig wees om van hierdie manier van hantering gebruik te maak. Daar is ook gevind dat die mate van entoesiasme (faktor F) positief korreleer met die aanwending van doelbewuste probleem gefokusde pogings om 'n situasie te verander.

Daar is gevind dat 'n persoon wat oor baie vertroue beskik (faktor L) waarskynlik meer geneig sal wees om sosiale ondersteuning te gaan soek. Die hoeveelheid bekommernis teenwoordig by respondente (faktor O) het ook toegeneem soos wat hulle meer verantwoordelikheid aanvaar het en ook as die persoon geneig was om te ontvlug van sy/haar probleme. Die vlak van bekommernis het gedaal en selfversekerdheid het gestyg (faktor O) soos wat die respondente positiewe herwaardering as hanteringsstrategie gebruik het.

Sorgelose persone wat nie baie selfbeheersing toon nie (faktor Q3), sal moontlik probeer ontvlug van probleme of sal poog om die oplossing daarvan te vermy. 'n Persoon se vlak van spanning (faktor Q4) neem dan ook toe hoe meer

hy/sy poog om probleme te ontvlug of te vermy, terwyl spanning afneem (faktor Q4) soos wat 'n persoon doelgerigte probleemoplossing en positiewe herwaardering as hanteringsstrategieë gebruik.

'n Persoon wat baie van ontvlugting en/of vermyding gebruik maak in reaksie op probleme, ervaar meer angs (faktor QII) as 'n persoon wat van doelgerigte probleemoplossing en positiewe herwaardering gebruik maak as hul primêre hanteringsstrategieë.

Dit kom voor asof die aanvaarding van verantwoordelikheid gepaard gaan met 'n toename in emosionele sensitiwiteit (faktor QIII). Hanteringsstrategieë gekenmerk deur ontvlugting of vermyding van die probleem, gee ook aanleiding tot verhoogde emosionele sensitiwiteit (faktor QIII). Positiewe herwaardering lei weer tot 'n afname in emosionele sensitiwiteit (faktor QIII) by die betrokke persoon.

Die eerste hipotese wat vir hierdie studie gestel is, naamlik dat fibromialgie lyers oor kenmerkende persoonlikheidseienskappe beskik, kon nie duidelik deur hierdie studie bevestig word nie. Daar is gevind dat fibromialgie lyers hoog meet op slegs twee van die sestien persoonlikheidsfaktore, naamlik op selfgenoegsaamheid en gespannendheid. Hiervan kan afgelei word dat fibromialgie lyers oor die algemeen moontlik tipe mense is wat daarvan hou om hul eie besluite te neem en dat hul effens meer gespanne as die algemene populasie is. Die studie kon dus nie daarin slaag om meer as net twee kenmerkende persoonlikheidseienskappe van fibromialgie lyers uit te wys



nie. Dit kan daarop dui dat hierdie sindroom enige persoon kan oorkom en dat dit nie net sekere tipe persone is wat vatbaar hiervoor is nie. Hierdie bevindinge korreleer dan ook goed met die bestaande literatuur oor fibromialgie en psigiatriese versteurings [7;13]. Dit sou interessant wees om die premorbiede persoonlikheidseienskappe van fibromialgie lyers te kon vergelyk met hul persoonlikheidseienskappe ná die diagnosering van die siekte en dus om die impak van die siekte op persoonlikheid te bepaal.

Die tweede hipotese, naamlik dat fibromialgie lyers oor sekere kenmerkende hanteringsstrategieë beskik, is deur hierdie studie bevestig. Daar is gevind dat fibromialgie lyers oor die algemeen meer van positiewe hanteringsstrategieë gebruik maak. Die strategie wat die meeste gebruik is, is 'n emosioneel gefokusde hantering, naamlik positiewe herwaardering, wat behels dat die persoon sy/haar omstandighede of probleem herdefinieer sodat dit in 'n positiewe lig gesien kan word. Die strategie wat die tweede meeste gebruik is, is die soek van sosiale ondersteuning met doelgerigte probleemoplossing in die derde plek. Distsiëring, en dus vermyding om die probleem op te los, is die minste deur die respondente gebruik. Dit blyk ook uit hierdie studie dat daar verskille in hanteringsstrategieë onder die verskillende ouderdomsgroepe was.

Dit is interessant dat daar gevind is dat fibromialgie lyers oor die algemeen meer van positiewe hanteringsstrategieë gebruik maak, aangesien daar in die literatuur aangedui word dat die meeste klinici fibromialgie pasiënte as baie negatief ervaar [7]. Die fase waarin die persoon in sy/haar siekte verkeer moet egter in ag geneem word aangesien daar



gewoonlik na die ontvang van die diagnose verskeie stappe is wat kan lei tot aanpassende hanteringsvaardighede [46].

Verskeie navorsers het assosiasies tussen fibromialgie en depressie gemaak, maar daar is baie onduidelikheid in die literatuur rakende fibromialgie en persoonlikheids-eienskappe. Dit blyk dat hierdie studie ook nie voldoende was om so 'n assosiasie te maak nie, wat kan dui op die heterogene aard van die populasie wat deur hierdie sindroom geaffekteer word. Dit is dus moontlik dat hierdie toestand nie onderskeid maak tussen verskillende persoonlikheids-eienskappe nie, maar dat enige persoon hiervoor vatbaar kan wees. Daar is wel ander faktore wat vatbaarheid kan verhoog (soos geslag), maar dit val nie binne die bestek van hierdie studie nie.

## 5.6 BEPERKINGS EN AANBEVELINGS

### 5.6.1 Die steekproef

In hierdie studie het die steekproef bestaan uit vyf en dertig volwasse, gediagnoseerde fibromialgie lyers. Die grootte van die steekproef het waarskynlik 'n invloed gehad op die resultate. 'n Groter steekproef sou waarskynlik meer duidelike resultate in terme van persoonlikheidseienskappe kon oplewer. Alhoewel die deelnemers van verskeie demografiese streke afkomstig was, was almal deur dieselfde mediese dokter in Pretoria behandel. Die tyd van diagnose kon ook 'n invloed op die resultate gehad het, omdat sommige onlangs eers gediagnoseer is met die siekte, terwyl andere al jare met die simptome saamleef. Die tydperk van die siekte sal waarskynlik 'n invloed op hanteringsstrategieë hê en kan ook op persoonlikheidseienskappe impakteer.

Die feit dat hierdie steekproef uit slegs blanke pasiënte bestaan het, sluit die moontlikheid van rassefaktore uit. Soos vroeër genoem, is daar niks in die literatuur gevind wat rasseverskille by fibromialgie aanspreek of verklaar nie.

Vir verdere studies word dit aanbeveel dat 'n groter steekproef gebruik word met pasiënte vanuit verskillende demografiese streke en, indien moontlik, verskillende rassegroepe en kulture. Dit sou ook raadsaam wees om die tydperk van die siekte in ag te neem wanneer interpretasies gemaak word.

#### 5.6.2 Die meetinstrumente

Albei die meetinstrumente was in Engels, wat daartoe kon lei dat hierdie resultate skeefgetrek word. Die WCQ is ten tyde van hierdie studie ook nog nie gestandaardiseer vir gebruik in die kultureel diverse omstandighede van Suid-Afrika nie. Verdere studies waarby ras en kultuur in ag geneem word, sou baie kon help om die siekte verder toe te lig.

#### 5.6.3 Behandeling

Soos vroeër genoem, is daar nog geen genesing vir fibromialgie nie. Verskeie pogings word egter aangewend om die lewe so maklik moontlik vir die fibromialgie lyer te probeer maak. Daar word aanbeveel dat die siekte nie net vanuit 'n enkele perspektief benader en behandel word nie, maar dat 'n multi-dissiplinêre benadering gevolg sal word in die behandeling van hierdie komplekse sindroom.

Tans is fibromialgie nog 'n moeilik verklaarbare sindroom. Elke poging wat aangewend word om die verstaan van die siekte te bevorder, kan dus as baie waardevol geag word.

Alhoewel hierdie studie slegs 'n klein bydrae lewer tot die verstaan van fibromialgie, was die bevindinge sodanig dat dit die siekte verder toegelig het. Hierdie studie sou ook as basis kon dien vir meer gevorderde studies.

#### 5.7 SLOT

Fibromialgie is tans een van die mees onverstaanbare toestande in mediese kringe. Dit is 'n sindroom wat moeilik diagnoseerbaar is, waarvan die etiologie onbekend is en waarvan die behandeling nog onseker is. Wat wel baie duidelik is is dat hierdie siekte bestaan en dat dit alle sfere van die pasiënt se lewe beïnvloed.

Alhoewel baie medici nog skepties staan teenoor die bestaan van fibromialgie, kan die lyers daaraan getuig van die realiteit van hierdie sindroom. Dit wil voorkom asof die benadering tot fibromialgie ooreenkom met die benadering tot LLDV (Laat Luteale Fase Disforiese Versteuring). Beide hierdie toestande word tans skepties deur medici benader, en beide word deur verskeie mense afgemaak as blote somatisering. Aangesien nie fibromialgie of LLDV hul weg kon vind in die DSM IV nie, bestaan hierdie toestande vir 'n groot deel van die populasie, nie. Tog word klinici in praktyk daardeur gekonfronteer, wat die vraag na die bestaan van hierdie toestande kompliseer.

Ten einde hierdie studie te kon doen, was dit noodsaaklik om betrokke te raak by hierdie sindroom. Persoonlike kontak met 'n fibromialgie lyer het alle twyfel rakende die bestaan van hierdie siekte laat verdwyn. Daar kan egter net gehoop word dat medici, en die populasie as geheel, in die toekoms meer bewus sal raak van die bestaan van fibromialgie en dat verdraagsaamheid en begrip vir hierdie pasiënte sal toeneem.



Fibromialgie bestaan, en daar is nie 'n beter persoon om daarvan te getuig as die lyer daaraan nie.